# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

22 Augustus 2025 Uitgawe: 5/3/2025

## UIT DIE KANTOOR

**ABSA Tjokkie hokkiedag:**

Verlede naweek was dit ons ABSA Tjokkie Hokkiedag wat by die Universiteit plaasgevind het. Graag bedank ek elke ouer, ondersteuner en deelnemer vir hul bydrae tot die sukses van hierdie dag.

Baie dankie aan ons ouerkomitee onder leiding van mev. Freda Goosen wat reeds van vroeg af aan die werk was. Sonder lojale ondersteuning, hetsy via finansiële bydraes of diensbaarheid, kan ’n skool nie funksioneer nie.

**Tjokkie Kultuur:**
Soos reeds in ’n vorige weekblad genoem, is die derde kwartaal propvol kultuur-geleenthede - ’n afdeling by die skool waaraan ek ook baie waarde heg. Op Dinsdag, 19 Augustus het Tjokkies sy eie koorfees by NG Kerk Pellissier aangebied. Dit was deel van Tjokkies se 55 jarige feesvieringe.

Dit was ’n baie lekker aand waar meer as 550 kinderstemme ons met hul sang vermaak het.
Baie dankie aan al die ouers wat agter die skerms gehelp het om ook van hierdie geleentheid ’n ware fees te maak.

Die seniorkoor het ook Donderdagaand ’n baie suksesvolle optrede gehad by Hoërskool Sentraal se bekende Casaleggio-aand wat deel was van Sentraal se 120-jarige feesvieringe.
Ek het groot waardering vir ouers wat hul kinders hieraan laat deelneem het ongeag ’n druk akademiese program.

Baie geluk aan beide die Ritmegroep en Pom-poms wat Woensdag tydens die Rivista-kompetisie goud behaal het. Ons is voorwaar trots op julle.

Op 3 en 4 September vind ons Musiekdepartement se jaarlikse musiekkonsert plaas waar ons leerders die geleentheid kry om hul talente ten toon te stel. Dit beloof om soos verlede jaar ’n heerlike ontspanne kuieraand te wees waar toeskouers hul kinders se musikale ontwikkeling kan waardeer.


Verder is die onderwysers kliphard aan die oefen vir die Melodrama wat teen einde September op die planke gaan wees. Dit beloof om groot pret te wees. Hou hierdie spasie dop vir meer inligting!

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 21-23 Aug.: | Potchefstroom en Cradock tennistoere |
| 22-23 Aug.: | Fichies 7's Rugbytoernooi |
| 22 Aug.: | Willem Postma Skaaktoernooi |
| 23 Aug.: | JF Hokkie festival (slegs enkele spanne) |
| | Nautilus |
| 25 Aug.: | Gr.4-7 "*English*" week (Sien aangehegte program in weekblad) |
| | Tennisliga vs PBS (d) |
| | Wesgrow liga – Prysuitdeling |
| 26 Aug.: | Tjokkies Blitsskaak-toernooi |
| | Beheerliggaam vergadering |
| 27 Aug.: | Veiligheidsvergadering |
| 28 Aug.: | Hokkieliga vs PBS |
| 29 Aug.: | Lentedag (leerders dra sivviedrag, R10 betaalbaar op Karri) |

# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 23 Aug.: | Juf. Lianza Grobler (RO) |
| | Juf. Celetia le Grange (Gr. 6) |
| 25 Aug.: | Mnr. Nicol Klopper (Musiek) |
| 26 Aug.: | Juf. Sue-Ann Kruger (Gr. 2) |



# ANDER

**Verkeersvloei:**

Ouers, net weer 'n vriendelike versoek rakende die verkeersvloei veral in die oggende voor skool. Die reëling (wat goed werk as almal hul kant bring) is dat wanneer u soggens klaar u kind afgelaai het, u asseblief nie regs in Ross-straat in die verkeer sal indraai nie, maar eerder links sal draai om die vloei van die verkeer te vergemaklik.

Indien u van die parkeerarea tussen die Pre-Primêre Skool en die kantoorblok gebruik maak, dat u asb. nie onder die skadunette sal stop nie, aangesien dit uitgesit is as personeelparkering.

Stop asb. vinnig in 'n beskikbare parkeerspasie en help u kind vinnig om tasse ens. te neem. Indien u in die ryvlak stop, hou dit die verkeer se vloei op. Baie dankie vir u bedagsaamheid in dié verband.

# ENGLISH WEEK



TIC – Gesinskamp

Inskrywings sluit 13:00, **Vrydag 29 Augustus.** Inligting op D6 beskikbaar.



# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

**Advertensiespasie:**

***Advertensieborde:  Die borde sal binne die skoolgronde aan die noordekant van die rugbyveld (voor die snoepie) aangebring word.  Die bord sal aan albei kante ge-"print" moet wees. Die spasie is vir een jaar geldig en u is self verantwoordelik vir die maak van die bord.***

***Koste:  Adverteringspasie by Tjokkies word verkoop teen R3 000.00 per jaar***

***Dit is slegs R250 per maand vir uitstekende advertensie.***

**(*cromadek* 1 444,5 x 500mm en *type area* 1 385 x 440)**

**Jaarlikse tafelkalender - "DESKPAD"**

Indien jy belangstel om op ons "deskpad" te adverteer, laat weet asb. so spoedig moontlik sodat ek 'n spasie kan uithou voor ander dit opraap. Dit gaan gewoonlik vinniger as BLACK FRIDAY Specials…

- ***"DESKPAD":  U kan advertensiespasie koop op ons pragtige Tafelkalender. Daar is slegs 8 spasies:***
  ***(7.5cm x 4cm) dis so min of meer 'n visitekaartjie se grootte, beskikbaar @ R4000.  U kry op elke blad blootstelling teen 'n bedrag van minder as R350.00 per maand.***

Vir meer inligting, kontak vir Suzane by bemarker@tjokkies.co.za.

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

**Maak alles bekend aan God met danksegging**

Ek lees ñ ruk terug 'n stelling wat sê: "Wat as al wat jy môre oor het, dié dinge is waarvoor jy God vandag gedank het?"

Dadelik verander dit 'n mens se gedagtepatroon oor hoeveel ons het om God voor te dank. Die volgende vers in Filipense 4 kom vul ook my hart en gedagtes:

FILIPPENSE 4:6 AFR83

[6] Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking **en met danksegging aan God bekend.**


https://bible.com/bible/6/php.4.6.AFR83

Ons ontvang daagliks soveel genade, wat ons meestal as vanselfsprekend aanvaar.

Mag ons gebede 'n aangename geur voor God se troon wees van dankie vir wie Hy is, wat Hy doen en al Sy genade oor ons skool, onderwysers en kinders.

Spesiale Uitgawe

# HOOFNUUS




## TJOKKIES TIME TRAVEL TRIBUTE

When the world feels like it's falling apart, music becomes our shelter.



## 1960 - 2025 GROOTSTE TREFFERS

Music is life.

That's why our hearts have beats.



## TJOKKIES MUSIEKAANDE

Datum: 3 September 2025 (GSF musiekleerders)
4 September 2025 (SF musiekleerders)

VENUE : TJOKKIES SKOOLSAAL
Tyd: 18h30

Koste: R60 pp


Pak jou piekniekmandjie en kom geniet 'n aand gevul met mooi musiek (deur ons eie musiekleerders) en lekker geselskap by pragtig gedekte tafels.

**MEER INLIGTING BESKIKBAAR BY TJOKKIES SE MUSIEKDEPARTEMENT**

Kaartjieverkope open op Karri op 15 Augustus en sluit weer op 29 Augustus.

# Stronger Immunity, Happier Kids!

## Give your child the nutrition they deserve - naturally




**Healthy never tasted this good!**

MANNATECH

### MannaBears and ImmunoStart

**Are delicious, nutrient-packed supplements your kids will LOVE!**

### What's Inside?

#### MannaBears

- **Rich in Antioxidants** - Helps protect growing bodies from free radicals
- **Contains Essential Vitamins & Minerals** - Supports overall health and energy
- **Made from Real Fruits & Vegetables** - Natural goodness for kids
- **Supports Healthy Growth & Development**
- **No Msg, Gluten free, vegan & vegetarian friendly, no artificial colouring, dairy & soy free**

### Perfect For:

- Busy school mornings
- Kids who are picky eaters
- Extra immune support during flue season

#### ImmunoStart

- **Colostrum & Beta-Glucan Support** - Strengthens immune defense
- **High in Protein & Essential Nutrients** - Boosts energy and recovery
- **Formulated for Daily Immune Protection**

(Vegan & vegetarian option available, contact associate)

### How to Use:

- **MannaBears**: 4 Bears per day
- **ImmunoStart**: 1-2 per day

**Give your child the best start in life - ORDER TODAY!**

Don't wait to boost your child's health

Mannatech Associate:
**Renata Joubert**
(Bloemfontein)
**072 658 7087**







Daar is ook 'n boks in Tjokkies se voorportaal waarin ou brille geskenk kan word.

Elke skenking word opreg waardeer.

# FUN RUN

FUND RAISER

## 23 Aug

7:00 am

**5 km Run / Walk**

R50 / person

082 471 9292

a FUN FILLED DAY
Loads to do and enjoy
(see program)

NOVEL WELLNESS CENTRE

9 New Market Road
Groenvlei


Please wear WHITE & RED
in support of Stem Cell Donation

4T8 FIT · NEXT Quest · PANAROTTIS PIZZA & PASTA · HOU BENE HOU EST. 1991

WF PIXS · GALIL KRAV MAGA EST 2022 · BALANS HEALTH · KRAAL FAMILY BUTCHERY & DELI

leapfrog PROPERTY GROUP · Yello COFFEE · BOOTLEGGER COFFEE COMPANY · 3SIX5 PADEL

Tocknell · INTERIO DESIGN & DECOR · SWEAT GEAR · ultra 360 it's your brand




# Give hope, save lives!

## Join the Fun Run & become a stem cell donor

Little Elé (20 months) has been diagnosed with MPS Type 1, a rare and life-threatening genetic disorder. While there's no cure, an early stem cell transplant can slow the progression of the disease, protect brain function, and offer children a longer and better quality of life. Thankfully, a matching donor has been found for Elé.

But baby Alyssa (10 months) is still waiting for her lifesaving match.

### Fun Run & Donor Drive

**Date:** 23 August 2025

**Venue:** Novel Wellness Centre
9B New Market Road, Groenvlei, Bloemfontein

**Time:** 07:00

**Run Registration Fee:** R50

**Extras:** Raffle sales, family fun, and more!

**You could be the miracle Alyssa's waiting for.**

All it takes is a simple MOUTH CHEEK SWAB to register as a potential stem cell donor!



LIVE XTRA
XTRA SAVINGS
Checkers
WITH OVER R500M IN MONTHLY SAVINGS
SAVE 20%
4 FOR
R70
4 x 170g Housebrand Light Meat Shredded Tuna in Water
SAVE 21%
54.99
Bokomo Weet-Bix Wholegrain Wheat Biscuits
SPAAR R26
2 VIR
R90
2 x 1kg Stork Country Spread 40% Vetsmeer
SPAAR R10
34.99
1kg
1kg Jungle Hawermout
SAVE 28%
2 FOR
R130
2 x 1ℓ B-well Blended Canola & Extra Virgin Olive Oil
SAVE 27%
ANY 2 FOR
R159
2 x 14 per pack Omo Laundry Capsules/1,5ℓ Liquid
SPAAR 19%
56.99
Huletts Witsuiker
2.5kg
AS SEEN ON TV
SAVE R60
169.99
each
Douwe Egberts Instant Coffee All Variants/Refill
AS SEEN ON TV
AS SEEN ON TV
SAVE R40
159.99
24 per pack
Twinsaver Twin Ply Toilet Rolls
99.99
per kg
Grabouw Thick Wors
STEAKHOUSE CLASSIC
R140
Steakhouse Classic Man-Size T-Bone Steak per kg
AS SEEN ON TV
FRESH!
79.99
per kg
Farmer's Choice Fresh 6/12-Piece Chicken Fillets
AS SEEN ON TV
SAVE R81
ANY 2 FOR
R239
2 x 850g Parmalat Gouda/White Gouda/Cheddar/White Cheddar/Mature Cheddar Cheese
"Choosing better doesn't have to be hard."
Jamie Oliver
Simple Truth
SIMPLY THE BETTER CHOICE
NO ADDED MSG
NO ARTIFICIAL COLOURS OR FLAVOURS
NO ADDED PRESERVATIVES
NO ARTIFICIAL SWEETENERS
BUY ANY 3 & SAVE 25%
3 x Simple Truth Product Range All Variants
Checkers
better and better
Checkers Hyper
Download the app


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Proud Sponsor of :
Tjokkies
School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042